CAUSE FOR JUSTICE

FAX: +27 (0)86 584 3141 **EMAIL:** INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 821, STELLENBOSCH, 7599, SOUTH AFRICA
PHYSICAL ADDRESS: FIRST FLOOR, OLD POST OFFICE BUILDING,
CNR BIRD & PLEIN STREET, STELLENBOSCH, SOUTH AFRICA

MEDIA VERKLARING

CAUSE FOR JUSTICE & ANDERE v ICASA, STARSAT & DIE MINISTER VAN KOMMUNIKASIE

WES-KAAP HOOGGEREGSHOF, KAAPSTAD

5 Augustus 2014

Cause for Justice ("CFJ") is 'n nie-winsgewende menseregte organisasie. Een van CFJ se hoofdoelwitte is om die misbruik van grondwetlike regte en vryhede teen te staan, vernaam wanneer so 'n misbruik ten koste van grondwetlik beskermde persone of groepe plaasvind.

CFJ verskyn volgende week voor die Hooggeregshof met die versoek om die besluit wat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika ("OKOSA") geneem het in 2013 wat die uitsaai van pornografiese kanale toelaat, te hersien en tersyde te stel. Die verhoor vind plaas by die Wes-Kaap Hooggeregshof (Kaapstad) vanaf 11 tot 13 Augustus 2014. Regter Lee Bozalek is die aangewese regter wat sal beslis oor die saak.

Aanloop tot die Hooggeregshofsaak

Op 28 November 2012 het StarSat (voorheen "TopTV") aansoek gedoen by OKOSA om goedkeuring van drie pornografiese kanale, naamlik "Playboy TV", "Private Spice" en "Desire TV".

'n Totaal van 644 geskrewe vertoë is by OKOSA ingedien, waarvan meer as 90 % die uitsaai van die pornografiese kanale teengestaan het. Die uitvoerende lede van CFJ was onder diegene wat geskrewe vertoë aan OKOSA gerig het. OKOSA het op 14 Maart 2013 'n publieke verhoor gehou, waartydens agt organisasies, uitsluitend StarSat, mondelings vertoë aan OKOSA kon rig. Ten einde het OKASA in April 2013 StarSat se bovermelde aansoek goedgekeur.

Gedurende Desember 2013 het CFJ 'n hersieningsaansoek na die hof gebring om OKOSA se besluit tersyde te stel. Twee ander partye het soortgelyke aansoeke ingedien teen OKOSA se besluit en al drie aansoeke sal vanaf 11 Augustus in een verhoor aangehoor word in Kaapstad.

Brazzers TV

Volgens StarSat se hofstukke is die uitsaaier reeds besig om twee pornografiese kanale uit te saai aan ongeveer 400 intekenaars. StarSat het ook, volgens hul hofstukke, 'n nuwe aansoek by OKOSA ingedien op 4 Desember 2013 vir die goedkeuring van 'n verdere pornografiese kanaal, naamlik die

MANAGEMENT COMMITTEE: RYAN SMIT, GENERAL MANAGER, +27 (0)83 235 1511 | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON, +27 (0)82 891 7682 |
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

“Brazzers TV”-kanaal. Volgens StarSat is Brazzers TV “essentially a channel name change and re-branding of the previously authorised adult bouquet channel offering ‘Private Spice’”.

Aangesien CFJ nie deur OKOSA of StarSat in kennis gestel is van die nuwe aansoek nie is CFJ tans besig met ‘n ondersoek om vas te stel of “Brazzers TV” wel slegs ‘n “re-branding” is van “Private Spice” en of die inhoud van die “Brazzers TV” kanaal nie die bepalings van die BCCSA Kode skend nie. CFJ se regsspan het reeds op 10 Julie 2014 StarSat versoek om bewysmateriaal te lewer dat “Brazzers TV” wel slegs ‘n geval van “re-branding” is asook vir die program inhoud en skedules van “Brazzers TV”. Ten tyd van uitreiking van hierdie media verklaring het StarSat versuim om gehoor te gee aan CFJ se voormelde versoek.

Argumente in CFJ se hofaansoek

Sommige van die argumente wat CFJ tydens die hofverrigtinge gaan gebruik, sluit in dat:

1. OKOSA nie ‘n billike proses gevolg het soos vereis deur die relevante wetgewing nie. Bv, OKOSA het nie die Suid-Afrikaanse publiek voldoende kennis gegee wat onder andere genoegsame inligting en tyd behels het om op StarSat se aanvanklike aansoek te reageer nie;

2. OKOSA het nie die PIN-sisteem, soos voorgestel en gebruik deur StarSat, noukeurig ondersoek nie. Navorsing toon aan dat StarSat se PIN-sisteem deur ‘n jong kind gekraak kan word binne ‘n gemiddeld van 4 ure. (Nadat CFJ hierdie kwessie in die hofstukke aangespreek het, het StarSat hulself verbind tot die verbetering van die PIN sisteem.);

3. Die inhoud van die pornografiese programme is nie deur OKOSA voldoende ondersoek nie. Om hierdie rede kon geen akkurate oordeel gevel word oor die aard van die pornografiese kanale hier ter sprake nie.

Gevolgtrekking

CFJ se motivering agter die aansoek om die OKOSA besluit tersyde te stel is gegrond op ‘n opregte bekommernis vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap. CFJ is oortuig daarvan dat die nadele van uitsending van pornografiese materiaal op Suid-Afrikaanse TV die voordele wat die samelewing daaruit mag kry heeltemal oorskry.

Vir enige verdere navrae, kontak gerus CFJ se Media Verteenwoordiger:

Mnr. Servaas Hofmeyr

E-pos: Servaas.ah@gmail.com EN info@causeforjustice.org

Telefoon: 084 5492045